18.5 BESKRYWINGSPUNT VAN STREEKSINODE NOORDWES OOR OPDRAGTE RAKENDE CHRISTELIKE ONDERWYS AAN DEPUTATE VIR CHRISTELIKE ONDERWYS, JEUG EN KATKISASIE (Artt 48, 325)

A. Ds P Venter stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Jeug en Onderwys.
C. Ds JH Venter rapporteer namens die Kommissie vir Jeug en Onderwys.

D. **BESKRYWINGSPUNT**

Die Streeksinode lê graag die volgende Beskrywingspunt aan die Sinode voor vir oorweging:
"Dat die Algemene Sinode opdrag aan sy Deputategroepe vir Christelike Onderwys, Jeugsorg en Katkisasie gee om

1. 'n omvattende studie oor die volgende sake te doen naamlik
1.1 aan watter inhoud word kinders in die verskillende leerareas op skool blootgestel wat nie volgens die Gereformeerde leer is nie,
1.2 watter perspektiewe vanuit die Skrif en Belydenis dooplidmate nodig het om sodanige leerinhoude te kan hanteer en
1.3 hoe ouers / kategete en hulpkategete toegerus kan word om hierdie perspektiewe aan die dooplidmate te gee;
2. die katkisasiekurrikulum aan te pas ten einde die nodige toerusting aan dooplidmate te gee
3. aan ouers, kategete en hulpkategete materiaal beskikbaar te stel om hulle vir hul taak toe te rus
4. Kerkrade oor bogenoemde sake in te lig en in die lig van die dringendheid van hierdie saak Kerkrade aanmoedig om erns daarmee te maak en indien nodig, die advies van Klassisse inwin, om hierdie saak te hanteer.

Motivering

1. Die huidige verwikkelinge in die onderwys noodsaak dat die Algemene Sinode moet besin oor hoe gemeentes in hul kategese vernuwend te werk kan gaan om by wyse van kantaantekeninge 'n Christelike perspektief op die leerinhoude van die skool van die laagste tot die hoogste vlak aan te gee.
2. Hierdie saak is van nasionale belang en dit raak die opdragte van drie Deputategroepe van die Algemene Sinode naamlik Christelike Onderwys, Jeugsorg en Katkisasie. Om effektief op te tree is dit noodsaaklik dat hierdie Deputategroepe met mekaar moet saamwerk in die uitvoering van hierdie opdrag.
3. Hierdie saak is egter ook van dringende belang en dooplidmate moet nou reeds begelei word om 'n verwysingsraamwerk te vorm wat hulle in staat stel om dit wat in die skole aangebied word wat nie met die Gereformeerde leer ooreenstem nie, krities en vanuit 'n Skriftuurlike perspektief te beoordeel en hul eie standpunte te formuleer. 'n Wesenlike probleem is dat alle gemeentes nie al die nodige gawes het om aan die saak reg te laat geskied nie en daarom sal meerdere vergaderings in die verband leiding moet gee.

Besluit: Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee. Kyk vir opdragte by 18.1 (4.2.1 tot 4.2.7 en 5.2.8), 18.2 (3.1 en 3.2) en 18.3 (3.1 en 3.2) van die Handelinge.